

Johannes 16 Ds Willem Kotze

Broers en susters in ons Here Jesus Christus, die name van advokaat Gerrie Nel en advokaat Barry Roux het in ons huise alombekend geword, in hulle betrokkenheid by die Oscar Pretorius moordsaak. Die een advokaat wat namens die staat opgetree het en die ander advokaat namens die aangeklaagde.

En jy hoef nie die saak baie noukeurig te gevolg het nie, om te moes agterkom watter uiters belangrike rol die advokaat is so 'n regspraak speel, hy of sy as advokaat moet hulle storie ken, die feite noukeurig en op die punte van hulle vingers, jy moet ingelig wees, jy moet jou saak met vaste oortuiging en besliste geloof daarin kan stel.

Jy moet die regter en alle ander betrokkenes kan oortuig van jou siening, jou standpunt en jou saak.

En natuurlik, daarvoor het hy bewyse nodig – hy moet bewyse kan voorlê sodat dit sy saak kan versterk.

Die advokaat wil dmv bewyse mense van sy saak oortuig.

Broers en susters, ontmoet vanoggend deur Johannes 16 u eie advokaat, God die Heilige Gees.

Want in Johannes 16 wil Jesus on leer wat die waarde van die koms van die Heilige Gees na ons toe is. En wat Sy werk is, en waarvoor Hy deur God na die wêreld gestuur is.

Jesus sê vir Sy dissipels :

vers 7 : Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Heilige Gees nie na julle toe kom nie –

en dan noem Jesus die Heilige Gees, die Voorspraak.

As ek nie weggaan nie, sê Jesus, sal die Heilige Gees as Voorspraak nie na julle kan kom nie.

Die Heilige Gees is ons Voorspraak. Die Griekse woord is parakletos, wat letterlik beteken : advokaat

Die Heilige Gees is ons advokaat, ons voorspraak! Hy moet ons en God se saak teen die wêreld stel.

En wat is ons saak – wat moet Hy bewys?

Ons teksverse stel dit duidelik:

Vers 8 : Wanneer die Heilige Gees kom, sal Hy bewys,
eerstens : dat die wêreld skuldig is aan sonde
tweedens : dat doe reg aan God se kant is
en derdens : dat die oordeel al gekom het.

Ons wil vanoggend, broers en susters, by hierdie 3 bewysstukke stilstaan – wat dit vir ons beteken, en watter gevolge dit vir ons in ons lewens het.

Broers en susters, die eerste argument wat die Heilige Gees op tafel sit,

Bewysstuk A : is om die wêreld te oortuig van hulle sonde.

Met die motivering van hierdie bewys : vers 9 : Die wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie in Jesus Christus nie.

Die Heilige Gees as ons Voorspraak, ons Advokaat, kan verduidelik waarom ons anders is as die wêreld. Hy kom verdedig ons saak. En ons saak is die feit dat ons in Jesus Christus van ons sondes verlos is – en dat ons dit van harte glo.

Want dit is die primêre opdrag van die Heilige Gees. Hy kom om mense van Jesus Christus te vertel. Hy dring by mense daarop aan dat hulle Sy getuienis oor Jesus Christus moet aanvaar, sodat hulle lewens daadeur nuut word. Die Heilige Gees wil mense se lewens nuut maak.

Maar die wêreld en die wêreldse mens steur hulle nie hieraan nie. Omdat hulle tevrede is met hulle wêreldse lewenswyse, wat niks anders is as dat ekself in die middelpunt staan nie.

Dit is 'n lewenswyse waar geglo word dat die eie "ek" die hoogty moet vier – ek het God nie nodig nie, ek kan God nie begryp nie, nie verklaar nie, ek het dit beter af sonder God.

Dit is die sonde waarna Johannes 16 verwys wat die Heilige Gees aan die wêreld wil kom uitwys – 'n sonde van selfsug, die sonde van die eie ek op die voorgrond, die sonde van die verwerping van Jesus Christus as Verlosser.

En hierdie sonde kan daagliks in ons wêreld uitgewys word. Dit blyk soms openlik byvoorbeeld, waar mense hulle eie belang soek ten koste van ander mense, wanneer mense so na geld en goed, geluk en voorspoed gryp dat hulle alles en almal sal vertrap om dit as wins te verkry. En almal van ons het 'n groot fasset van hierdie sonde ge-erf.

Selfsugtigheid

Ons stamp ander net op die elmboog weg, ons trap op hulle. Ons loop oor hulle – alles terwille van koning Ek – die sonde van selfsugtigheid.

Ons leef asof ons God nie meer nodig het nie, ons leef so selfversekerd en vol selfvertroue dat ek eerder voel my godsdienst my versmoor as wat dit my toerus en opbou.

En nou kom die Heilige Gees reeds om ons te kom oortuig van God se liefde vir ons, dat ons reeds tot niks in staat sou wees, was dit nie vir die liefde van God deur die kruisdood van Jesus Christus nie.

Dit is die bewys van wat sonde werklik is, sê die Heilige Gees – dat mense Jesus Christus nie aanvaar, dat mense die oortuiging van die Heilige Gees nie glo nie.

Dit is die grootste gruwel wat ooit in die wêreld kan bestaan.

Want om nie in Jesus Christus te glo nie, beteken dat jy God verwerp en wie God verwerp kan nie gered word nie.

Net in die vorige hoofstuk sê Jesus self : As ek nie gekom het en met hulle hieroor gepraat het nie, sou hulle nie skuldig gewees het nie, maar nou het hulle geen verskoning nie.

Want in Jesus Christus het God alles gegee. So lief het Hy die wêreld gehad dat Hy Sy Seun gegee het.

As die wêreld Jesus Christus dan verwerp, as hulle hierdie kruisevangelie in God se gesig teruggooi – dan gaan die mens eenvoudig op die breë pad van die verderf.

Dit is **bewysstuk A**, sê die Heilige Gees – die wêreld wat in selfsug leef, wat God verwerp, die mens wat in Jesus Christus nie glo nie, leef in sonde en sal die koninkryk van God nie sien nie.

Bewysstuk B : sê die Heilige Gees, is die waarheid oor Jesus Christus self. Onthou weer dat die Heilige Gees ons saak verdedig, en ons saak is ons verlossing in Jesus Christus. Die Heilige Gees wil dus aan die wêreld bewys lewer van waarom ons as gelowiges in Jesus Christus glo.

En die bewys daarvan lê in die motivering : vers 10 : die reg is aan My kant, sê Jesus, want Ek gaan na die Vader toe, en julle sal My nie meer sien nie.

Die wêreld het vandag sy mond vol oor geregtigheid, oor die regte van mense. Elke individu se reg moet beskerm word, en in alles moet reg en geregtigheid geskied.

Maar nou kom leer Jesus ons in Johannes 16 dat daar maar een reg is – die geregtigheid van God. Ek moet weggaan, sê Jesus aan Sy dissipels, sodat die Heilige Gees kan kom om mense te kom oortuig dat Jesus Christus reg was.

Dat Hy onsludig gekruisig is, dat Hy moes sterf, sonder sonde ja, maar met al ons sondes op Hom, sodat ons daardeur volle vergewing kan ontvang.

Bewysstuk B : sê die Heilige Gees, is reeds om te sê : Kyk na Jesus se hemelvaart. Die wêreld het hom verwerp, vervloek, gedink Hy is dood, gedink hulle is van Hom ontslae, dat geregtigheid geskied het.

Maar toe staan Jesus op, en Hy vaar op na die hemel, waar Hy nou heers as Koning oor hemel en aarde. God verhoog Hom om daarmee Sy onskuld te bewys, en daarmee geregtigheid te laat seevier.

Die Heilige Gees wil dus aan die wêreld sê : Kyk na Jesus Christus – God het Hom in heerlikheid opgeneem – alles wat God beloof het, het so in vervulling gegaan.

En daarom : Wie Jesus Christus verwerp, verwerp God en sal nie gered word nie.

Bewysstuk C is op die tafel.

Die Heilige Gees het gekom om die wêreld te oortuig dat God se oordeel al gekom het, met as motivering: Want die owerste van hierdie wêreld is klaar veroordeel.

Kan ek die prentjie net weer vir u skets, broer en suster?

Johannes 16 is Jesus aan die Woord in gesprek met Sy dissipels – en Hy verklaar aan hulle hoekom Hy moet weggaan, Hy moet opvaar in die hemel sodat Hy die Heilige Gees kan stuur. Hy vertrou Sy dissipels deur te verduidelik dat met Sy weggaan Hy hulle nie alleen sal agterlaat nie – Hy stuur vir hulle 'n ander trooster, die Heilige Gees, wat vir hulle soos 'n advokaat sal wees.

Hy sal hulle saak, wat God se saak is, verdedig. Hy sal die woorde in hulle mond lê as hulle saak beoordeel word – en hulle saak is : Jesus Christus, Verlosser en Saligmaker.

Maar, sê Jesus vir Sy dissipels, die Heilige Gees gaan ook kom om hulle saak teenoor die wêreld te stel. As advokaat gaan Hy bewyse aan die wêreld voorlê om hulle te laat beseef van hoe verkeerd hulle is.

Hy kom hulle oortuig dat dié Jesus wat hulle verwerp het, waarlik van God is.

En Hy kom hulle oortuig dat hulle geoordeel gaan word, die oordeel is op pad, en dis waar en seker, want die owerste van die wêreld is klaar veroordeel – en daarom sal almal wat soos hy aan die wêreld bly vasklou, veroordeel word.

Die Bybel is baie duidelik daarvoor dat die duiwel, as die owerste van hierdie wêreld, reeds veroordeel is. Die oorwinning oor satan is 'n uitgemaakte saak.

In Openbaring 12 word die stryd tussen Christus en die duiwel simbolies geskets as 'n oorlog tussen God en Sy engele teenoor die draak en sy engele.

En die boodskap word in vreugde verkondig : Die oorlog is reeds gewen, die draak en sy engele saam met hom is uit die hemel uitgegooi. Al is die stryd op aarde nog hewig, in die hemel is die oorlog reeds gewen. En dit staan so duidelik daar : In die hemel was daar geen spoor meer van hulle te vind nie (Openbaring 12:8)

Die duiwel het met Jesus Christus se opvaring in die hemel sy plek en sy posisie in die hemel verloor. Toe kon hy nog as aanklaer die mens by God in onguns probeer bring – maar as Jesus Sy posisie aan die regterhand van God inneem, as oorwinnaar oor die Bose – dan word satan uitgewerp. Nou veg hy voort op die aarde, met beperkte tyd, totdat hy finaal in die poel van vuur gewerp sal word.

Sy eindbestemming is die hel – hy is klaar veroordeel. En nou probeer hy op aarde soveel moonlik mense kry wat hy kan saamsleep – ja, getuig die Heilige Gees, almal wat God verwerp kies so vir die satan en die wêreld, hulle sal die oordeel van God nie vryspring nie. Ook hulle sal, soos die duiwel, die hel as eindbestemming bereik.

En wat sê dti nou alles vir ons broers en susters?

Dat jy vir jouself moet uitmaak hoe deel jy is van die wêreldse mens – en jou moet steur aan dit wat die Gees jou wil leer.

Is jy oortuig van die verlossingswerk van Christus in jou lewe, leef jy as 'n kind van God, gelowig, deur die kragtige werk van die Heilige Gees.

Want as jy hiervan oortuig is dan staan jy saam met die Gees in die stryd op aarde teen die duiwel.

Dit is onder die voete van gelowiges, sê Paulus in Rom 16 – dat God die satan sal verpletter.

En hy sal oorwin word deur die verkondiging van die blye boodskap van Jesus Christus ons Verlosser, en deur geloof wat soos 'n skild die pyle van die satan sal afweer.

Daarom moet die Woord van God in u lewe wees, jy moet Sy Woord ken en gehoorsaam, want daardeur kan jy jou verdedig teen die aanslae van die Bose.

Die Heilige Gees getuig vir u teen die wêreld –
Maar Hy vra ook dat jy Sy bewyse sal staaf in die uitleef van jou Christenskap.

God se Gees is in jou, mag Sy werking deur jou, elke dag gesien word.

Amen!

